

# SPEKIFIEKE LEERGELEENTHEDE IN GESONDHEIDSOPVOEDING

A.H. Nel en A.A.Basson

## *Opsomming*

*Die effektiewe aanwending van studente se leergeleentheid in gesondheidsopvoeding moet in die praktyk aandag ontvang. 'n Konseptuele raamwerk is na 'n literatuurstudie saamgestel om die inoefening van gesondheidsvoorligting te bepaal.*

*In 'n ondersoek na leergeleentheid by die aanbieding van moeder- en kindgesondheidsdienste in gemeenskapsverpleegkunde is die volgende uitgevoer:*

- *die studentverpleegkundige is aktief by die leerproses betrek, deur middel van groepsbesprekings om sodoende hul retensievermoëns te verbeter en hoër kognitiewe kennis te bekom; en*
- *hulle het deur middel van rolspel geleentheid gehad om hulle interpersoonlike vaardighede te bemeester.*

*Om die uitwerking van groepswerk en rolspel by die studentverpleegkundige te toon, is enkele aanbevelings gemaak. Die belangrikste hiervan sluit die volgende in:*

- *Die tradisionele lesingmetode alleen, is nie voldoende by die onderrig van studentverpleegkundiges vir die gee*

*van gesondheidsvoorligting nie. Studentverpleegkundiges behoort dus aktief deur onderrigmetodes soos groepsbesprekings en rolspel betrek te word.*

- *Studentverpleegkundiges behoort reeds reg van die begin van opleiding af bewus gemaak te word van die noodsaaklikheid om goeie interpersoonlike vaardighede te bemeester vir die aanbieding van doeltreffende gesondheidsvoorligting.*

## *Summary*

*The effective application of learning opportunities in health care necessitates attention in practise. A conceptual guideline has been compiled according to a literature study in order to determine the practise of health education.*

*In this research into learning opportunities for the presentation of the module, mother and child health services in community health nursing, the method adopted was the following:*

- *the student nurse was actively involved in the teaching process by way of group discussions, thereby acquiring greater cognitive skills; and*

- *through practical guidance the student nurse is given an opportunity to master interpersonal skills.*

*The results have shown that student nurses ought to be exposed to various teaching methods as early in their training as possible in order to exercise in practise, the mastering of interpersonal skills.*

*In order to demonstrate the effect of group activity and role play to the student nurse, certain recommendations have been made. The most important include the following:*

- *It would appear that traditional lecture methods alone are not sufficient for the training of student nurses in the field of rendering health counselling. The student nurse should therefore be actively involved through teaching methods such as group discussions and role play.*
- *As early in the student nurse's training as possible the importance of establishing and maintaining sound interpersonal skills for effective health counselling should be emphasised.*

## 1. INLEIDING

As die nuwe aankomeling in hierdie wêreld 'n goeie wegspringkans gegee word deur sy gesondheid voor en na sy geboorte te versorg, word die grondslag van die

gesondheid van die toekomstige burger gelê. Fogel en Woods (1981: 59) benadruk die standpunt dat verpleegkunde tradisioneel te doen het met die gesondheid van die persoon as 'n geheel en die

verpleegkundige poog dus om die kliënt se aktiewe deelname te verkry om self verantwoordelikheid te neem vir sy/haar eie gesondheid.

Gesondheidsvoorligting en -instand-

houding vereis 'n goeie verhouding tussen die moeder en verpleegkundige en dus moet inligting spontaan gegee word sodat die kliënt self kan besluit oor haar en haar gesin se gesondheid. Volgens Harmin & Brim (1986: 12/7) vereis oueronderrig 'n besondere manier van onderrig waar van leergeleenthede en tegnieke gebruik gemaak word om ouers se funksionering te beïnvloed. Daar word op formele sowel as informele onderrig gefokus en die tersiêre onderrigproses word gekenmerk deur georganiseerde beplande werksaamhede met duidelike doelwitte, inhoud en teikengroepe.

Vir die doeleindes van hierdie studie is groepswerk en rolspel as leergeleenthede aangewend om die studente se kognitiewe en interpersoonlike vaardighede te verbeter ten opsigte van die gee van gesondheidsvoorigting by moeder- en kindverpleging. Sekere leergeleenthede kan aangewend word om die retensie-vermoëns te verhoog en volgens Pohl (1973: 28) is leer byvoorbeeld meer geneig om plaas te vind wanneer die student aktief deelneem aan die praktyk wat gestruktureer is om 'n leerdoelwit te bereik.

Volgens Clark (1977: ix/1) is dit duidelik dat verpleegkundiges by 'n verskeidenheid groepe betrokke is, byvoorbeeld pasiënteonderrig en ondersteunende groepe vir sterwende pasiënte en hulle gesinne en daarom is dit noodsaaklik dat die verpleegkundige ook oor groephanteringsvaardighede moet beskik, en Pohl (1973: 28) wys verder daarop dat rolspel as leergeleentheid 'n manier is om studente aktief te betrek by leersituasies om sodoende inligting wat hulle geleer het aan ander oor te dra.

Die lesingmetode is waarskynlik die oudste metode van onderrig, maar volgens Jarvis *et al.* (1985: 70) blyk dit dat die meeste lesings nie so effektief is soos die meer aktiewe metodes vir die stimulering van denke nie en verandering van studente se gedrag behoort dus nie 'n doelwit van die lesingmetode as leergeleentheid te wees nie.

Verpleegkundiges het te doen met die totale gesondheidsorg van kliënte, te wete, fisies, psigies en sosiaal en daarom moet hulle reeds vroeg in hulle opleiding blootgestel word aan situasies waar hulle vaardighede ten opsigte van die lewering van gesondheidsorg kan inoefen.

## 2. PROBLEEMSTELLING

Dit lyk of daar groter leerretensie voorkom by studentverpleegkundiges as verskeie leergeleenthede gebruik word. Dit wil egter voorkom asof die verpleegkundige hierdie metodes nie altyd korrek implementeers om voorligting tot sy reg te laat kom nie — (Bille, 1981: 28). Formele lesings wat tans as leergeleentheid gebruik word blyk nie genoegsaam te wees vir die eerstejaar studentverpleegkundige om haar retensievermoëns en interpersoonlike vaardighede te verbeter nie, daar dit alreeds bekend is dat 'n verbetering van affektiewe houdings en psigo-motoriese leer selde as 'n resultaat van die lesingmetode plaasvind.

Deur gebruikmaking van verskillende leergeleenthede is die dosent ook in staat om vas te stel watter individuele probleme die student het en dit bied ook geleentheid aan die student om die leermateriaal beter te verstaan.

Daar is dus besluit op 'n proeflopie vir alternatiewe soos groepswerk en rolspel waar die student aktief kan deelneem aan die leergeleenthede.

## 3. DOELSTELLING

Die doel van die ondersoek kan as volg gestel word:

- om deur middel van groepswerk en rolspel, studente aktief aan die leerproses te laat deelneem om sodoende hul retensievermoëns te verbeter en hoër kognitiewe kennis te bekom en gesondheidsvoorigtingsvaardighede te bemeester.

## 4. METODE

Die metode wat vir die navorsing gevolg is, is tweeledig, naamlik 'n literatuurstudie en eksperimentele navorsing.

### 4.1 Literatuurstudie

Om te verseker dat die navorsingsontwerp verantwoordbaar sal wees is 'n literatuurstudie gedoen oor leergeleenthede wat die verpleegkundige se voorligtingsvaardighede ten opsigte van moeder- en kindgesondheidsdienste beïnvloed.

Die literatuurstudie is ook gedoen met die doel om die leerinhoud te bepaal wat noodsaaklik is vir die verpleegkundige tydens die lewering van gesondheidsdienste aan die gemeenskap.

### 4.2 Populasie

Die populasie wat in hierdie studie gebruik is, is uit 'n groep eerstejaarstudentverpleegkundiges (N = 72) van 'n verpleegkollege in Transvaal geneem.

### 4.3 Steekproef

Die steekproef het bestaan uit 72 eerstejaarstudentverpleegkundiges. Hulle is alfabeties ingedeel deur die onderwysinstansie vanweë beperkte fisiese fasiliteite. Die maksimum aantal studente wat in 'n klaskamer onderrig kan word, is 40. Gevolglik is hulle deur die onderwysinstansie in twee groepe verdeel en moes die onderrigmateriaal gedupliseer word.

### 4.4 Loodsondersoek

Vir die loodsondersoek is 8 respondente betrek, 4 uit elke groep. Die respondente is nie vir steekproefseleksie gebruik nie en is dus nie by die navorsing ingesluit nie (maar slegs by die loodsondersoek). Die doel van die loodsondersoek was om die dataversamelingsinstrument te evalueer en sodoende die duidelikhede van veranderlikes te verfyn.

### 4.5 Navorsingsontwerp — Eksperimentele navorsing

'n Eksperimentele navorsingsontwerp is gebruik wat uit 72 respondente bestaan het met 38 in die eksperimentele groep en 34 in die kontrole groep. Die ondersoek is uitgevoer in die klaskamersituasie en die

eksperimentele groep is aan groepsbesprekings tydens onderrig blootgestel sodat hulle hoër kognitiewe kennis kon bekom en spesifieke interpersoonlike vaardighede in groepe en rolspel kon bemeester.

Die kontrole groep is slegs aan formele lesings ten opsigte van kognitiewe kennis en interpersoonlike vaardighede, blootgestel.

Om die kognitiewe en interpersoonlike vaardighede te bemeester is van twee meetinstrumente gebruik gemaak, naamlik:

#### • Meetinstrument 1

Hierdie instrument het bestaan uit drie voortoets en een post-toets (retensietoets) wat skriftelik afgelê is.

Moeder- en kindverpleging is verdeel in drie leereenhede wat die volgende komponente van moeder- en kindverpleging ingesluit het, naamlik:

Leereenheid 1

- identifikasie van risikogroepe
- kriteria vir voorgeboortelike diagnose
- raadgewing aan ouers ten opsigte van genetiese afwykings.

Leereenheid 2

- onderrig aan ouers voor konsepse
- die pre-natale periode
- die post-natale periode.

Leereenheid 3

- die normale groei en ontwikkeling van die baba en kind vanaf geboorte tot op 5jarige ouderdom.

Die leereenhede wat aan die eksperimentele en kontrole groep onderrig is, was identies. Die eksperimentele groep is egter deur middel van groepswerk en rolspel en die kontrole groep deur middel van formele lesings onderrig.

Na verloop van 'n maand is sowel die eksperimentele groep as die kontrole groep weer skriftelik geëvalueer deur middel van 'n post-toets (toets 4) wat oor al drie die vorige leereenhede handel het. Die resultate van die post-toets is met dié van die vorige drie toetse vergelyk om te bepaal of daar 'n verskil is ten opsigte van die retensie vermoëns van die eksperimentele groep en kontrole groep.

#### • Meetinstrument 2

Meetinstrument 2 het bestaan uit mikrovaardighede en kerndimensies soos beskryf deur Cilliers (1984: 343/346 en 92/94 en 327/328).

Die instrument is so aangewend dat die eksperimentele groep geleentheid gehad het om die mikrovaardighede en kerndimensies ten opsigte van die gee van gesondheidsvoorigting oor moeder- en kindverpleging kon inoefen en sodoende hulle interpersoonlike vaardighede kon verbeter.

Die kontrole groep het slegs formele lesings ontvang oor die aanwending van die mikrovaardighede en kerndimensies. Geen inoefeningsgeleentheid is egter aan die kontrole groep gebied nie.

Die doel van die keuse van hierdie meetinstrumente was dus om aan te toon dat leergeleenthede soos groepswerk en rolspel die student help om aktief aan die leerproses deel te neem en ook om hulle te help om doeltreffender gesondheidsvoorigtingsvaardighede te bemeester.

Die onderrig van beide groepe het 20 periodes van 40 minute elk in beslag geneem. Om besoedeling tussen die twee groepe uit te skakel, het die navorser aan die kontrole groep verduidelik dat hulle na afloop van die onderrig in moeder- en kindverpleging die geleentheid sou kry om vaardighede in te oefen deur groepe en rolspel. Die respondente is ook gevra om nie die inhoud te bespreek nie.

#### 4.6 Beperkings van die navorsing

Die groepe is met registrasie aan die verplegingskollege reeds alfabeties ingedeel as gevolg van onvoldoende onderrig-fasiliteite. Die navorser moes dus gebruik maak van toevallighedsseleksie en het geen kontrole gehad oor wie in die twee groepe was nie. Dit mag moontlik 'n beperking van hierdie studie wees. Die resultate kon dalk verskil het as die hele populasie op 'n ewekansige wyse geselekteer gewees het.

### 5. LITERATUURSTUDIE

'n verpleegkundige om totale verpleging aan 'n pasiënt as 'n psigososiale wese te kan lewer, is 'n deeglike kennis van verpleging in al sy veelvoudige dimensies nodig (Travelbee, 1971: 7). Die verpleegkundige funksioneer as deel van die gesondheidspan en Grobbelaar (1979: 17/18) beklemtoon dat gesondheidsvoorligting die taak van elke lid van die span en veral ook die van die verpleegkundige is. Sy moet nie net kennis dra van opvoedkundige metodes wat aangewend kan word om die gesondheid van mense in die gemeenskap te bevorder nie, maar moet ook mense kan leer om self deel te neem aan gesondheidsvoorligting en gebruik te maak van die beskikbare gesondheidsdienste. Verpleegkundiges het te doen met die totale gesondheidsorg van kliënte; fisies, psigies en sosiaal en daarom moet sy reeds van vroeg af in haar opleiding blootgestel word aan situasies waar sy haar vaardighede ten opsigte van lewering van gesondheidsorg kan oefen.

#### 5.1 Groepsbespreking as leergeleentheid

Clark (1977: 2) is van mening dat dit noodsaaklik is dat die verpleegkundige oor kennis van die groepsproses sal beskik en vaadig moet wees in beramings- en tussentredevaardighede. Groepshanteringsvaardighede is belangrik in verpleegkunde omdat baie take soos die beplanning van pasiëntverpleging nie gedoen kan word sonder die koördinasie van ander gesondheidsverskaffers nie.

Volgens Wilson (1985: vii) hou groepe die volgende vir die verpleegkundige in: "... to be able to process the many elements of interaction occurring with any group of people at any time is a skill that makes the nurse a more effective practitioner. The nurse with group skills may deal more effectively not only with groups of clients, but also with individual clients and with colleagues especially when working in a multi-disciplinary staff setting". Foley en Smilansky (1980: 24) laat blyk dat groepsbesprekings groter geleentheid inhou vir aktiewe deelname

deur studente. Dit is dan vir die dosent moontlik om vas te stel watter probleme individuele studente het en om hulle te help om die leer materiaal te verstaan. Gedurende groepsbesprekings kan studente mekaar ook help om die leerinhoud beter te verstaan.

Volgens Jones *et al.* (1979: 47), leer studente nie net kognitiewe inligting deur aktiewe deelname nie, maar maak hulle ook gebruik van die inligting om 'n hoër kognitiewe kennisvlak te bereik, waardeur die studente geleentheid gebied word om interpersoonlike vaardighede te oefen en vrae te organiseer en te formuleer. Mentz (1981: 7/8) wys daarop dat groepsbesprekings die student help om probleme te analiseer en moontlike oplossings te vind. Hierdie oplossings moet getuig van die vermoë om relevante sake bymekaar te bring en dit te integreer. Groepsbesprekings kan dus 'n bydrae lewer tot hierdie doel omdat dit die student lei van passiewe leer tot aktiewe deelname.

#### 5.2 Rolspel en leergeleentheid

Die primêre doel van rolspel is om die studente in 'n beskermende omgewing die hantering van emosies en probleme van mense in die alledaagse lewe te laat oefen (Jarvis *et al.* 1985: 66). Cooper en Hornback (1987: 123) sluit by bogenoemde skrywers aan deur te sê: "... as a teaching/learning form, roleplaying is particularly useful for developing communication skills, involving emotions and encouraging group work".

Rolspel in opleiding word as 'n hulpmiddel beskou om die student 'n idee te gee van die verskillende tipes uitvloeisels van probleme wat hulle mag teenkom. Dit gee studente geleentheid om op 'n konkrete manier deur hierdie probleme te werk, eerder as om dit net in abstrakte terme te bespreek (Marthas 1981: 182 en Cooper *et al.* 1973: 123).

Rolspel vorm 'n brug tussen gesprek en aksie. Dit voorsien aan die studente die teorie soos wat hulle dit sien, in die praktyk in te bou. Rolspel skep ook 'n veilige leeromgewing waar nuwe gedrag uitgetoets kan word sonder vrees vir mislukking of straf. Probleme kan vroegtydig reggestel word sonder dat dit ekstra koste meebring en die student word dus voorberei om werklike situasies te hanteer (Jones *et al.* 1979: 2).

#### 5.3 Lesing as leergeleentheid

Narrow (1979: 136) definieer 'n lesing as "... essentially a one-way communication from teacher to learners, with little or no input back to the teacher". Mellish (1982: 129) sluit hierby aan wanneer sy sê "die lesing is 'n formele aanbieding van vakinhoud aan die student en moet spesifiek beplan word vir leer. Tydens die

aanbieding van die lesing praat die dosent min of meer aanhoudend vir 'n spesifieke tydperk terwyl die studente luister. Daar is geen spesifieke bespreking nie, alhoewel studente aangemoedig word om vrae te vra gedurende of aan die einde van die lesing".

Interaksie gedurende die lesing vind volgens Quinn (1980: 153), hoofsaaklik plaas deur die vra van vrae deur die dosent met antwoorde deur die student. 'n Probleem van die lesingmetode as 'n leergeleentheid is dat die lesingmetode volgens Jones *et al.* (1979: 92) nie veel bydra om studente se interpersoonlike vaardighede te verbeter nie, en dus vind psigo-motoriese leer en 'n verbetering van die affektiewe houdings selde as 'n resultaat van die lesingmetode plaas.

### 6. NAVORSINGSRESULTATE

Resultate van die respondente se retensievermoëns en interpersoonlike vaardighede word vervolgings aangetoon:

#### 6.1 Ontleding van die empiriese data

Die gegewens van die vier toetse wat deur die eksperimentele groep en die kontrole groep geskryf is, is statisties deur die rekenaarprogram SPSS-X, verwerk.

##### Bespreking

By toets 1 was daar geen beduidende verskil tussen die twee groepe se prestasies nie en kan die prestasie van die eksperimentele groep moontlik toegeskryf word aan die feit dat dit aan die begin van die program was en die nuwe leergeleentheid nog nie ten volle deur die groep geïnternaliseer is nie.

In toets 2 blyk dit dat die leergeleentheid wat by die eksperimentele groep gebruik is, 'n positiewe bydrae tot beter insig en begrip in die beantwoording van die vrae gehad het.

Toets 3 toon geen beduidende verskil aan tussen die twee groepe se prestasies nie alhoewel die gemiddeld van die eksperimentele groep se resultate beter is as die van die kontrole groep naamlik 77,57% en 74,50% onderskeidelik. Dit dui daarop dat die eksperimentele groep beter resultate behaal het, alhoewel die verskil nie beduidend beter was nie. Die retensietoets (toets 4) was 95% beduidend beter ten opsigte van die resultate wat deur die eksperimentele groep behaal is. Die eksperimentele groep se resultate kan dus moontlik toegeskryf word aan die spesifieke leergeleentheid, naamlik rolspel en groepswerk waaraan die groep blootgestel was om hoër kognitiewe kennis te bekom. Dit lyk of die leergeleentheid 'n positiewe bydrae gelewer het om die retensievermoëns van die eksperimentele groep te verbeter.

TABEL 6.1. RESULTATE VAN VIER TOETSE GESKRYF DEUR EKSPERIMENTELE EN KONTROLE GROEPE STATISTIESE TENDENSE

Toets	Eksperimentele groep N = 38	Kontrole groep N = 34	P-waarde	Begruoidenheid
Post-toets 1	61,05	67,26	0,117	geen
2	73,78	68,47	0,059	95 persent
3	77,57	74,50	0,279	geen
Retensie toets 4	63,07	55,79	0,009	95 persent

TABEL 6.2. RESULTATE VAN MIKROVAARDIGHEDE SOOS AANGEWEND DEUR EKSPERIMENTELE EN KONTROLE GROEPE

Mikrovaardighede	Statistiese tendense		P-waarde	Beduidenheid
	Voorkoms			
	Eksperimentegroep	Kontrolegroep		
1 geslote vraag	24	30	0,087	95%
1 oop vraag	26	29	0,795	geen
3 min aanmoediging	15	5	0,007	geen
4 parafrasering	4	2	1,000	geen
5 opsomming	13	1	0,337	geen
6 interpretasie	15	3	0,189	geen
7 selfopenbaring	4	1	1,000	geen
8 uitdruk eie gevoel	13	6	0,252	geen
9 inhoudsrefleksie	12	5	0,612	geen
10 gevoelsrefleksie	5	0	0,001	99%
11 gekomb. refleksie	0	0	1,000	geen

## Instrument 2 — evaluering van interpersoonlike vaardighede

Evaluering van sowel die eksperimentele groep as die kontrole groep se interpersoonlike vaardighede by die aanbieding van gesondheidsvoorligting is in die klaskamersituasie beoefen deur middel van groepswerk en rolspel. Die interpersoonlike vaardighede is gemeet aan die hand van mikrovaardighede soos omskryf deur Cilliers (1984: 343/346 en 92/94 en 327/328).

Die resultate van beide groepe word aangetoon in Tabel 6.2 ten opsigte van mikrovaardighede.

### Bespreking

#### Geslote vraag

Die eksperimentele groep het die geslote vraag 24 keer gebruik terwyl die kontrole groep 30 keer van die geslote vraag gebruik gemaak het. By die eksperimentele groep dui dit daarop dat hulle alreeds aan die begin van die gesprek in staat was om dit gouer in die belangrike rigting te stuur. Dit wil voorkom of die kontrole groep die moontlike response van die kliënte beperk het en dus nie so goed kon vorder met die gesprek nie.

#### Oop vraag

Met die oop vraag het die eksperimentele groep 26 keer van die vaardigheid gebruik gemaak en die kontrole groep 29 keer. By die eksperimentele groep dui dit daarop dat hulle gouer na die kern van die gesprek kan beweeg. Die kontrole groep kon in hierdie stadium nog nie daarin slaag om op die kern van die gesprek te fokus nie en het die probleem probeer oorkom deur baie oop vrae te vra.

#### Minimum aanmoediging

Soos die gesondheidsvoorligtingsgesprekke gevorder het, het die eksperimentele groep daarin geslaag om 99% beduidend die kliënte met die minimum aanmoediging te stimuleer om meer inligting te gee.

#### Parafrasering

Dit wil voorkom asof parafrasering by albei groepe nie 'n beduidende verskil getoon het nie en kan moontlik daaraan toegeskryf word dat albei groepe die geleentheid om nouer kommunikasie

bevorder, moontlik nie ten volle benut het nie.

#### Opsomming

Die opsommingsvaardigheid is 13 keer deur die eksperimentele groep gebruik en slegs een keer by die kontrole groep wat daarop dui dat die groep geensins daarin kan slaag om 'n opsomming van die kliënte se gedrag te maak nie.

#### Interpretasie

Geen beduidende verskil het voorgekom by die interpretasie van gegewens nie, alhoewel die eksperimentele groep heelwat meer van die vaardigheid gebruik gemaak het as die kontrole groep.

#### Selfopenbaring

Volgens die resultate blyk dit dat die eksperimentele groep min gebruik gemaak het van selfopenbaring. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die respondente se min ervaring in hierdie stadium.

#### Uitdrukking van eie gevoel

Daar was geen beduidende verskil by beide groepe ten opsigte van uitdrukking van eie gevoel nie. Dit kan moontlik wees dat die respondente nog huiwerig was om hulle eie gevoelens teenoor die kliënte uit te druk.

#### Inhoudsrefleksie

Daar was geen beduidende verskil by die twee groepe ten opsigte van inhoudsrefleksie nie. Albei groepe is dus nog onseker oor die gebruik van die vaardigheid.

#### Gevoelsrefleksie

Die eksperimentele groep het 99% daarin geslaag om beduidende betekenis te heg aan die verbale en nie-verbale

gevoelskommunikasie van die kliënt. Dit lyk dus asof die inoefening van mikrovaardighede by die eksperimentele groep 'n bydrae gelewer het om die respondente bewus te maak van die gevoelsrefleksie, en dat hulle in staat was om dit positief aan te wend.

#### Gekombineerde refleksie

Daar is geen beduidende verskil by die twee groepe ten opsigte van die gekombineerde inhouds- en gevoelsrefleksie nie. Dit wil dus voorkom asof verdere inoefening nodig is om hierdie vaardigheid te kan bemeester.

### Besprekings

Uit Tabel 6.3 blyk dit dat die eksperimentele groep gebaat het uit die opleiding in interpersoonlike vaardighede. 'n Persentasie van 99 persent toon die beduidenheid wat bereik is by die eksperimentele groep. Die eksperimentele groep was dus in staat om die kerndimensies meer effektief aan te wend.

## 7. GEVOLGTREKKINGS

7.1 Betreffende retensievermoëns by eerstejaarstudentverpleegkundiges met die aanwending van groepsbesprekings en rolspel is bevind dat:

- dit studente geleentheid gee om aktief aan die leerproses deel te neem.
- studente wat aanvanklik huiwerig was om aan die metodes deel te neem, na 'n verduideliking van die doel van die metodes en met behulp van groepsondersteuning ook aktief by die leerproses betrek is.
- inoefening van die aanwending van spesifieke leergeleenthede vroeg in opleiding essensieel blyk te wees, omdat van studentverpleegkundiges verwag word om reeds in die eerstejaar gesondheidsvoorligting te gee.
- die eksperimentele groep die inhoud beter kon onthou en herroep. Dit dui moontlik toegeskryf word aan die geleentheid wat hulle gehad het om die inhoud in te oefen. Hoër kognitiewe kennis kon so bekom word.
- die dosent ook geleentheid gehad het om elke student se vordering te evalueer en deurlopende begeleiding, waar nodig, was moontlik.
- die lesingmetode minder effektief is om die student voor te berei om aktiewe gesondheidsvoorligting te gee, omdat dit 'n passiewe metode is.
- die lesingmetode, vir die doel van die ondersoek, min geleentheid aan die studente gebied het om aktief deel te neem aan die leerproses.

TABEL 6.3. RESULTATE VAN KERNDIMENSIES SOOS BEOEFEN DEUR EKSPERIMENTELE- EN KONTROLEGROEP

Kerndimensies	Statistiese tendense		P-waarde	Beduidenheid
	Eksperimentegroep (x)	Kontrolegroep (y)		
Empatie	2,18	1,19	0,000	99%
Respek	2,18	1,06	0,000	99%
Egtheid	2,18	1,12	0,000	99%
Konkreetheid	2,00	1,00	0,000	99%

- die lesingmetode ook verder min/geen geleentheid blyk te bied aan studente om hulle interpersoonlike vaardighede te bemeester nie.

7.2 Betreffende interpersoonlike vaardighede in gesondheidsopvoeding by eerstejaarstudentverpleegkundiges is bevind dat:

- die verpleegkundiges bewus was van die begrip "interpersoonlike vaardighede", maar dat hulle nie oor die vermoëns om hierdie vaardighede korrek in die praktyk toe te pas, beskik het nie.
- verpleegkundiges geneig is om oppervlakkig op te tree teenoor die kliënt se response. Studentverpleegkundiges behoort dus vroeg in hul opleiding onderrig te word om sensitief te wees vir hul kliente se gedrag.
- die eksperimentele groep beslis hulle interpersoonlike vaardighede verbeter het deurdat die groep meer ontvanklik was om hulself oop te stel vir hulle kliente.
- Studentverpleegkundiges op 'n gereelde grondslag in die klaskamer sowel as in die praktyk die geleentheid behoort gebied te word om deur inoefening hul interpersoonlike vaardighede te bemeester.

## 8. AANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings word gemaak:

### 8.1 Retensievermoëns by studentverpleegkundiges

Die tradisionele lesingmetode alleen is nie geskik by die onderrig van studentverpleegkundiges ten opsigte van die aanbod van gesondheidsvoorligting nie. Studentverpleegkundiges behoort dus aktief by leergeleenthede soos groepsbesprekings en rolspel betrek te word.

- Groepswerk en rolspel behoort ook maar moontlik in verwante vakke aangewend te word om integrasie op aanverwante vakgebiede te verseker.

### 8.2 Interpersoonlike vaardighede in gesondheidsopvoeding by eerstejaarstudentverpleegkundiges

- Studentverpleegkundiges behoort vroeg

in hul opleiding bewus gemaak te word van die belangrikheid om goeie interpersoonlike vaardighede te bemeester ten einde doeltreffende gesondheidsvoorligting te kan gee.

- Dosente en ander kategorieë toesighouers behoort indiensopleiding te ondergaan om hulle interpersoonlike vaardighede te verbeter en om in staat te wees om studentverpleegkundiges te begelei om die vaardighede te bemeester.

## 9. SLOT

Hierdie ondersoek het net eerstejaarstudentverpleegkundiges verbonde aan 'n verplegingskollege ingesluit. Die bevindings en resultate kan dus slegs verteenwoordigend beskou word van hierdie spesifieke groep Transvaalse respondente.

## BIBLIOGRAFIE

- Austin E.K. 1981. Guidelines for the development of continuing education offering for nurses. New York: Appleton-Century-Crafts.
- Bille E. 1981. Practical approaches to patient teaching. Boston: Little Brown.
- Bradley J.C., Edinberg M.P. 1982. Communication in the nursing context. New York: Appleton-Century-Crafts.
- Clark C.C. 1977. The nurse as group leader. New York: Springer.
- Cilliers F.V.N. 1984. 'n Ontwikkelingsprogram in sensitiewe relasievorming as bestuurdimensie. PU vir CHO. Potchefstroom.
- Coetzee J.H., Malan M.M., Steyn I.N. 1985. Onderrig-leer in fokus. Durban: Butterworth.
- Cooper S.S., Hornback M.S. 1973. Continuing nursing education. New York: McGraw-Hill.
- Edwards B.J., Brillhart J.K. 1981. Communication in Nursing practice. St. Louis: The C.V. Mosby Company.
- Foley R.P., Smilansky J. 1980. Teaching techniques. A handbook for health professionals. New York: McGraw-Hill.
- Fraenkel J.R. 1980. Helping students think and value strategies for teaching the social studies. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.
- Grobbelaar E. 1979. Aspekte van die gesondheidsvoorligtingstaak van die gemeenskapsgesondheidsverpleegster. *Curationis*, Maart 1979: 1(4).
- Guinee K.K. 1966. The aims and methods of nursing education. New York: Macmillan.
- Jarvis P., Gibson S. 1985. The teacher practitioner in nursing, midwifery and health visiting. London: Groom Helm.
- Hargie O., Sanders C., Dickson D. 1981. Social skills in interpersonal communication. London: Groom Helm.
- Jones A.S., Bagford L.W., Wallen E.A. 1979. Strategies for teaching. London: Scarecrow.
- Marvin S.K. 1980. Teaching tomorrow's nurse. A nurse educator. Wakefield: Nursing Resources.
- Mellish J.M. 1985. Etos van verpleegkunde. 'n Suid-Afrikaanse perspektief. Durban: Butterworth.
- Mellish J.M. 1982. Teaching the practise of nursing. Durban: Butterworth
- Mentz H.C. 1981. Kleingroep onderrig. *Curationis*, Maart 1981: 3(4).
- Miles M.B. 1971. Learning to work in groups. New York: Teachers College Press.
- Narrow B.M. 1979. Patient teaching in nursing practise. A patient and family-centured approach. New York: Wiley.
- Pohl M.K. 1973. The teaching function of the nursing practitioner. Dubuque: Brown.
- Quinn F.M. 1980. The principles and practise of nurse education. London: Groom Helm.
- Searle C. 1978. Gemeenskapsgesondheidsverpleegkunde. Gids 1. CHN OO. Pretoria. Universiteit van Suid-Afrika.
- Standford G., Roark A.E. 1974. Human interaction in education. Boston: Allyn and Bacon.
- Strydom A.H., Helm C.A.G. 1981. Die suksesvolle dosent. Bloemfontein: Nasou.
- Stuart J.F. 1981. Die lesing. *Curationis*, Maart 1981: 3(4).
- Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging. Direktief vir die goedkeuring van verpleegskole en die minimum vereistes vir die opleiding en onderrig van 'n verpleegkundige en vroedvrou wat lei die registrasie. Regulasie nr. R2118 (30/09/1983: 1/2).
- SPSS-X 1983. A complete guide to SPSS-X. Language and operations. New York: McGraw-Hill.
- Travelbee J. 1971. Interpersonal aspects of nursing. Philadelphia: Davis.
- Thornnay R., Thompson M.A. 1982. Strategies for teaching nursing. New York: Wiley.
- Uys L.R. 1982. Kurrikulum-ontwikkeling in verpleegkunde. Lansdowne: I. de Villiers.
- Vlok M.E. 1984. Gemeenskapsverpleegkunde. 'n Handleiding. Kaapstad: Juta.

A.H. Nel M. Cur. (RAU), G.V., G.V.V., P.V.,  
G.V., V.A., V.O.  
A.A. Basson D. Verpl. (U.S.), G.V., G.V.V.,  
P.V., G.V., V.A., V.O.  
Randse Afrikaanse Universiteit